# AKTUELE NUUS

## Bekende gesig langs die pad groet na 25 jaar

*Berig: Annemarie Munnik* *Foto: Verskaf*

**VREDENDAL:** 'n Bekende gesig langs die pad, **Tom Smit (foto regs)**, het op Maandag, 30 Junie uitgetree na 25 jaar diens by Departement Infrastruktuur in die paaie-afdeling.

Smit is oorspronklik van Loeriesfontein. Na hy sy laerskoolloopbaan in 1986 voltooi het, het hy by Hantam Munisipaliteit begin werk. Tussen 1991 en 1999 werk hy by 'n tekstielfabriek in Bellville-Suid.

Op 13 September 1999 begin Smit as 'n padwerker by die destydse Openbare Werke. Tussen 2014 en 2020 neem hy waar as voorman, totdat die pos gevul is.

Smit sê een van hul grootste projekte was 'n slaggat op die Doringbaaipad wat hul moes herstel. Die gat was ongeveer 3 meter diep en twee meter breed. "Vanrhynspas was ook 'n nagmerrie met al die slaggate wat ons net nie kon baasraak nie," vertel hy verder. Die swaar voertuie het dit vir hulle baie moeilik gemaak om voor te bly. "Nadat die pas heel oorgedoen is, is dit *smooth sailing*."

Smit sê die span moes ook help om verskeie grusame ongelukstonele in Matzikama op te ruim en seker maak dat die padoppervlak veilig is vir motoriste. Smit sê hy het nou saam met die SAPD, verkeer, brandweer, ambulansdienste, distriksmunisipaliteit en Matzikama Munisipaliteit gewerk. Hulle het selfs saamgewerk met die kontraktreurs in Matzikama sowel as Brand Se Baai, Clanwilliam, Elandsbaai, Dwarskersbos en Redelingshuis-areas. Smit het ook die laaste twee jaar saam met nuwe kollegas van Clanwilliam en Klawer gewerk wat deel van die "padfamilie" is.

"Dit was een groot plesier en eer om saam met al hierdie departemente te werk of hulp te verleen. Ek bedank alle rolspelers wat deel was van my loopbaan, asook die oudkollegas wat my vooruitgegaan het. Baie dankie aan my spanmaats wat 'n lang pad saam met my gestap het. Aubrey Flink, Pieter Arries, Wilfred Skippers, Desmon Prins, Andrew Miggel, Reagan Abels, Sharon Kotze en Aledja Keyster wat albei tans op die krukkelys is.



'n Spesiale dank aan my vrou wat vir 25 jaar my werksklere skoon en netjies gehou het en my kosblik gepak het. Ek waardeer dit opreg," sluit Smit af.

## Jacob Engelbrecht tree af

*Berig en foto: Mariaan Smuts*

**CLANWILLIAM: Jacob Engelbrecht (foto regs)** het in 2007 sy heel eerste werk as kontrakwerker by die staat begin. Vir twee jaar was hy 'n vragmotorbestuurder by die department van paaie en twee jaar later, in 2009, het 'n pos as toesighouer by paaie onderhoud beskikbaar geword.

Engelbrecht is aangestel in hierdie posisie met 11 teerpaaie wat onder sy beheer was. Hy noem dat hy bystand van Cederberg Verkeersdepartement sowel as die SAPD ontvang het. Hy word in 2009 permanent aangestel as padwerkertoesighouer.

Engelbrecht en Tom Smit van Vredendal was in beheer van die hele area vanaf Dwarskersbos tot by die Van Rhynspas. Wanneer daar ongelukke was, is hulle ingeroep om die ongelukstonele op te ruim om sodoende die veiligheid van die verkeer te verseker.

Engelbrecht sê hulle het die afgelope 5 jaar saam met baie bekwame ingenieurs gewerk wat hulle op die pad gelei het. Wanneer 'n opdrag te veel werk vir een persoon was, het die ander gehelp om die taak te voltooi. Volgens Engelbrecht was die Elandsbaai kombinasie en Brand se Baai die moeilikste area waar hy gewerk het. Hulle mannekrag was daardie jare van so 'n aard dat hulle paaie moes deel omdat die opdrag soms te groot was vir net een toesighouer.

Engelbrecht bedank die provinsiale verkeer vir hul jarelange ondersteuning op die openbare paaie en samewerking in noodgevalle.

Hy en Smit was kollegas vanaf 2007 tot einde Junie 2025 en hulle het nou saamgewerk. Beide van hulle het einde Junie afgetree. 'n Funksie is op Klawer gehou waar daar op 'n gepaste wyse van hulle afskeid geneem is. Beide het sertifikate vir goeie en getroue diens ontvang.



Engelbrecht se sertifikaat wat deur Ryan Arendse aan hom oorhandig is, lui as volg: "Die ongelooflike werksetiek en organisatoriese vaardighede wat jy na hierdie kantoor gebring het, skep 'n positiewe invloed op jou span en kollegas. Ons almal weet dat jy 'n ongelooflike leier was en ons wens jou alle sterkte toe terwyl jy hierdie nuwe hoofstuk in jou lewe aanpak."

## Skoolhoof ontvang toekenning

*Berig: Mariaan Smuts*
*Foto: Verskaf*

**GRAAFWATER:** 'n Groot eer het Graafwater Spesiale Skool te beurt geval toe hul hoof, Robert van Rooyen 'n baie spesiale toekenning vir die skool huis toe gebring het.

Van Rooyen was 'n genomineerde by die jaarlikse toekenningsaand en het die toekenning vir "Uitstekende leierskap in Spesiale Behoeftes" ontvang.

Dit is die 5de bestaansjaar van die skool en die personeel is geweldig trots om te kan sê dit is hulle hoof wat die toekenning ontvang het. Van Rooyen is 'n raakvatter, iemand wat 'n visie en missie het, wie se hande vir niks verkeerd staan nie en enige geleentheid aangryp wat na sy kant toe kom. Die personeel wens hom baie geluk met die groot prestasie.



**Robert van Rooyen saam met Ursula Carsten van die Kringkantoor.**



**Jolene en Franzelle du Preez.**

## Onderwysers is distrikswenners

*Berig en foto: Annemarie Munnik*

**VREDENDAL-NOORD:** Vredendal-Noord Primêr is trots op twee van hul onderwysers wat as distrikswenners by vanjaar se National Teachers Awards aangewys is.

Die toekennings vier onderrig-uitnemendheid in openbare skole en erken uitstekende werk deur onderwysers.

Die spoggerige geleentheid het op Woensdag, 18 Junie in Wellington plaasgevind.

Juffrou Jolene du Preez is aangewys as wenner in die kategorie: Excellence in Primary School Leadership.

Juffrou Franzelle du Preez is aangewys as wenner in die kategorie: Excellence in Technology Enhanced, Teaching and Learning.

Die skool wens hulle geluk. Die provinsiale toekenningseremonie vind op 15 Augustus plaas.


**NOTIFICATION OF PUBLIC PARTICIPATION FOR A BASIC ASSESSMENT PROCESS IN RESPECTIVE TO THE NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT (NEMA), ACT NO. 107 OF 1998, ERF 601, LUTZVILLE, WEST COAST DISTRICT.**

Notice is hereby given of the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act ("NEMA"), 1998 (Act No. 107 of 1998) ("NEMA") and the Environmental Impact Assessment ("EIA") regulations, 2014 (as amended). SEC has been appointed by the applicant Agrimark (Pty) Ltd. The applicant proposes the installation of 3 x 83m3 (249m3) Diesel Aboveground Storage Tanks (AST's) on Erf 601, Stasie Road, Lutzville, West Coast District. The total development footprint of existing facility and associated infrastructure is 3009.97m3 in extent and is situated within Ward 8 of the Matzikama Local Municipality.

**Location:** Erf 601, at the following coordinates: **31º33'18.81"S; 18º20'43.79"E**.

**Legislation:** The proposed development triggers the following activity listed in terms of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2017 (as amended), in terms of the NEMA (Act No. 107 of 1998) as amended, and will follow a Basic Assessment (BA) process:

**NEMA EIA Regulations 2014 (as amended): "Activity 51 of Listing Notice 1: The expansion and related operation of facilities for the storage, or storage and handling, of a dangerous good, where the capacity of such storage facility will be expanded by more than 80 cubic metres."**

**Opportunity to Participate:** You are hereby notified of the opportunity to register as an Interested and Affected Party (I&AP), and of the availability of the Pre-Application Draft BAR for your review and comment. The Pre-Application Draft BAR will be made available on our website for review at https://www.environmentalconsultants.co.za/public-participation/. If you would like to register as an I&AP or provide comment on the report, please do so in writing, to Jonathan Lassen at SEC, giving your name, address, and contact details, as well as an indication of any direct business, financial, personal, or other interest that you may have in relation to this proposal. Please note that further correspondence will only be sent to Registered I&APs. Please quote the SEC Project Number, **024053**, in all correspondence. You are also requested to pass this information on to any person you feel should be notified. Registering as an I&AP should please be undertaken in writing, by email or text, with correspondence addressed to:

**Jonathan Lassen at SEC:**
Postal: P O Box 30134, Tokai, 7945
E-mail: administration@environmentalconsultants.co.za
Tel: (021) 712 5060

The commenting period will commence from **the 10th of July 2025 until the 9th of August 2025**.

***Please note that we respect your right to privacy and aim to ensure that we comply with the legal requirements of the POPI Act (Act No. 4 of 2013). This Act regulates the way in which any personal information is collected, processed, stored, shared, and/or destroyed. Please be advised that by registering as an I&AP, you will be partaking in the EIA process and agree that your name, contact details, and comments can be made available in the public domain. This information will only be used for this application and for no other use. If requested, your personal information will be removed from the I&AP Register at any stage of the process. More information on the POPI Act can be found at the following link: https://www.gov.za/documents/protection-personal-information-act.***